# Skrede
# na
# Christus

**Bybelstudiereeks**



## Die Toets van Dissipelskap

8-16

**(1) MET WAT VERGELYK HIERDIE TEKS DIE WERK VAN DIE HEILIGE GEES?**

____________________________________________________________________________

____________________________________________________________________________

*Johannes 3:8*

**Verwante Tekse:** Prediker 11:5; Handelinge 2:2; 4:31; Johannes 3:5

'n Persoon mag nie in staat wees om die presiese tyd of plek te noem, of die hele ketting van omstandighede na te speur in die proses van bekering nie; maar dit bewys nie dat hy onbekeerd is nie. Soos die wind, wat onsigbaar is, maar die uitwerking daarvan duidelik gesien en gehoor kan word, is die Gees van God in Sy werk op die menslike hart. Daardie herskeppende krag, wat geen menslike oog kan sien nie, skep 'n nuwe lewe in die siel; dit skep 'n nuwe wese na die beeld van God. Terwyl die werk van die Gees stil en onsigbaar is, kan die uitwerking daarvan gesien word. Indien die hart deur die Gees van God vernuwe is, sal die lewe getuig van daardie feit.

**(2) HOE WORD DIE LEWE VERANDER EN DIE HART VERNUWE?**

____________________________________________________________________________

____________________________________________________________________________

*2 Korinthiërs 5:17*

**Verwante Tekse:** Esegiël 11:19, 20; 36:26; 18:27-31; Efesiërs 2:10; 4:23, 24; Romeine 6:4-6; 8:10

Terwyl ons niks kan doen om ons harte te verander of om onsself in harmonie met God te bring nie, terwyl ons nie moet vertrou op onsself of ons goeie werke nie, sal ons lewens openbaar dat die genade van God in ons woon. 'n Verandering sal gesien word in die karakter, die gewoontes, die strewes. Die kontras sal duidelik en beslis wees tussen wat hulle was en wat hulle is. Die karakter word geopenbaar, nie deur soms goeie dade en soms slegte dade nie, maar deur die neiging van die gebruiklike woorde en dade.

Dit is waar dat daar 'n uiterlike korrektheid van gedrag mag wees sonder die hernuwende krag van Christus. Die liefde van invloed en die begeerte vir die agting van andere mag 'n goedgeordende lewe produseer. Selfrespek mag ons lei om die voorkoms van kwaad te vermy. 'n Selfsugtige hart kan vrygewige dade doen. Maar deur watter manier sal ons dan bepaal aan wie se kant ons is?

Wie het die hart? By wie is ons gedagtes? Van wie praat ons graag? Wie het ons warmste geneentheid en ons beste energie? Indien ons Christus s'n is, is ons gedagtes by Hom en ons soetse gedagtes is van Hom. Al wat ons het en is, is aan Hom toegewy. Ons verlang om Sy beeld te dra, Sy gees uit te asem, Sy wil te doen, en Hom in alle dinge te plesier.

**(3) WATTER KARAKTERTREKKE SAL DUIDELIK WORD IN ONS LEWE INDIEN ONS WAARLIK WEDERGEBORE IS?**

____________________________________________________________________________

____________________________________________________________________________

_______________

____________________________________________________________________________

*Galasiërs 5:22, 23*

**Verwante Tekse:** Galasiërs 5:16, 17; Psalm 92:12-14; Mattheüs 12:33; Lukas 8:14, 15

Diegene wat nuwe skepsels in Christus Jesus word, sal nie langer hulleself volgens hulle vorige begeerlikhede gedra nie, maar deur die geloof in die Seun van God sal hulle in Sy voetstappe volg, Sy karakter weerkaats, en hulleself reinig soos wat Hy rein is. Die dinge wat hulle eens gehaat het, het hulle nou lief, en die dinge wat hulle eens liefgehad het, haat hulle nou. Die trots en verwaandheid word sagmoedig en nederig. Die ydelheid en verwaande word ernstig en onopvallend. Die dronkaard word sober, en die immorele word rein. Die trotse gewoontes en modes van die wêreld word eenkant gelê. Christene sal nie na die "uiterlike versiering" streef nie, maar "hulle sal soek om die verborge mens van die hart e versier met 'n sagmoedige en stille gees." 1 Petrus 3:3,4.

**(4) WAT SAL ONS VERLANG OM TE DOEN VIR DIEGENE WAT ONS TE NA GEKOM HET NADAT ONS WEDERGEBORE IS?**

________________________________________________________________________

________________________________________________________________________

*Lukas 19:8*

**Verwante Tekse:** Exodus 22:1; Mattheüs 5:23, 24; Lukas 3:8; 1 Samuel 12:3; 2 Samuel 12:6

Daar is geen bewys van opregte bekering tensy dit hervorming meebring nie. Indien hy die gelofte herstel, weer gee wat hy geroof het, sy sonde bely, en God en sy medemens liefhet, kan die sondaar seker wees dat hy oorgegaan het van die dood in die lewe.

Wanneer ons as fouterende, sondige wesens na Christus kom en deelnemers word van Sy vergewende genade, ontstaan liefde in die hart. Elke las is lig, want die juk wat Christus oplê, is maklik. Plig word 'n genot, en opoffering 'n plesier. Die pad wat voorheen in duisternis gehul gelyk het, word helder met strale van die Son van Geregtigheid.

**(5) WAT IS DIE BRON VAN LIEFDE WAT VERANDER, VERVUL, EN OORVLOEI UIT DIE HART WAT NUUT GEMAAK IS DEUR DIE GENADE VAN CHRISTUS?**

________________________________________________________________________

________________________________________________________________________

*1 Thessalonicense 3:12*

**Verwante Tekse:** 1 Joha\nnes 4:7-13; 1 Thessalonicense 4:9; Jakobus 1:17; Galasiërs 5:22; 2 Timotheüs 1:7

Die lieflikheid van die karakter van Christus sal in Sy volgelinge gesien word. DIt was Sy genot om die wil van God te doen. Liefde vir God, ywer vir Sy heerlikheid, was die beherende mag in ons Heiland se lewe. Liefde het al Sy dade mooi gemaak en veredel. Liefde is van God. Die ontoegewyde hart kan dit nie skep of produseer nie. Dit word slegs gevind in die hart waar Jesus heers. "Ons het lief omdat Hy ons eerste liefgehad het."
1 Johannes 4:19. In die hart wat deur goddelike genade hernu is, is liefde die beginsel van aksie. Dit wysig die karakter, beheer die impulse, beheer die passies, onderwerp vyandigheid, en veredel die hartstogte. Hierdie liefde, gekoester in die siel, versoet die lewe en gee 'n verfynende invloed af op alles rondom.

**(6) WAT SAL ONS BEGEERTE WEES OM TE DOEN OM ONS LIEFDE VIR GOD TE TOON?**

________________________________________________________________________

________________________________________________________________________

*Johannes 14:15*

**Verwante Tekse:** Johannes 14:21; 15:10-14; 21:15-17; Mattheüs 25:34-40; 1 Johannes 2:3-6; 4:19-21

**(7) WAAROM IS GEHOORSAAMHEID DEUR DIE KRAG VAN GOD NOODSAAKLIK IN ONS VERHOUDING MET HOM?**

______________________________________________________________________

______________________________________________________________________

*1 Johannes 2:4*

**Verwante Tekse:** 1 Johannes 1:6-10; 4:20, 21; Jakobus 2:14-16; Titus 1:16; 2 Timotheüs 3:5

Daar is twee foute waarteen die kinders van God – veral diegene wat sopas begin het om op Sy genade te vertrou – veral teen moet waak. Die eerste, alreeds bespreek, is dit om na hulle eie werke te kyk; vertrou op enigiets wat hulle kan doen, om hulleself in harmonie met God te bring. Hy wat probeer om heilig te word deur sy eie werke, deur die wet te onderhou, probeer die onmoontlike. Al wat die mens kan doen sonder Christus is besoedel met selfsug en sonde. Dit is die genade van Chrtistus alleen, deur geloof, wat ons heilig kan maak.

Die teenoorgestelde en nie minder gevaarlik nie, is dat geloof in Christus die mens bevry daarvan om die wet van God te onderhou; dat aangesien deur geloof alleen ons deelnemers van die genade van Christus word, ons werke niks te doen het met ons verlossing nie.

**(8) WAT HET CHRISTUS BELOOF OM IN ONS TE DOEN WANNEER ONS WEDERGEBORE WORD?**

______________________________________________________________________

______________________________________________________________________

*Hebreërs 10:16*

**Verwante Tekse:** Hebreërs 8:8-10; Jeremia 31:33, 34; 32:40; Romeine 8:2-4; Deuteronómium 30:6; Psalm 37:31; 40:8; Jesaja 51:7; Esegiël 11:19, 20; 36:26, 27

Maar let hier op dat gehoorsaamheid nie slegs uiterlike nakoming is nie, maar die diens van liefde. Die wet van God is ‘n uitdrukking van Sy natuur; dit is ‘n beliggaming van die groot beginsel van liefde, en daarom die fondament van Sy regering in die hemel en op aarde. Indien ons harte hernu is na die beeld van God, indien goddelike liefde in die siel ingeplant is, sal die wet van God nie in die lewe volvoer word nie?

Wanneer die beginsel van liefde in die hart ingeplant is, wanneer die mens na die beeld van Hom wat hom geskape het, hernu is, word die nuwe verbond belofte vervul, “Ek sal my wette in hulle harte plaas, en dit in hulle verstande. Skryf.” … En indien die wet in die hart geskryf is, sal dit nie die lewe vorm nie? Gehoorsaamheid – die diens en trou van liefde – is die teken van dissipelskap. Daarom sê die Skrifte, “Want dit is die liefde tot God, dat ons Sy gebooie bewaar.” “Hy wat sê: Ek ken Hom – en sy gebooie nie bewaar nie – is ‘n leuenaar en in hom is die waarheid nie.” 1 Johannes 5:3; 2:4. In plaas daarvan om die mens vry te stel van gehoorsaamheid, is dit geloof, en slegs geloof, wat ons deelnemers maak van die genade van Christus, wat ons in staat stel om gehoorsaam te wees.

**(9) WAT IS ‘N AANDUIDING VAN DIE MEESTER WAT ONS DIEN?**

______________________________________________________________________

______________________________________________________________________

*Mattheüs 7:16, 20*

**Verwante Tekse:** Lukas 6:43-45; Johannes 15:4-7; Jakobus 3:12

Ons verdien nie verlossing deur ons gehoorsaamheid nie; want verlossing is die vrye gawe van God, om deur geloof ontvang te word. Maar gehoorsaamheid is die vrug van geloof. "En julle weet dat Hy verskyn het om ons sondes weg te neem, en geen sonde is in Hom nie. Elkeen wat in Hom bly, sondig nie. Elkeen wat sondig, het Hom nie gesien en Hom nie geken nie." 1 Johannes 3:5 ,6. Hier is die ware toets. Indien ons in Christus bly, indien die liefde van God in ons woon, sal ons gevoelens, ons gedagtes, ons doelstellings, ons aksies in harmonie wees met die wil van God soos uitgedruk in Sy voorskrifte van die heilige wet. "My kinders, laat niemand julle mislei nie; wie die geregtigheid doen, is regverdig soos Hy regverdig is.." 1 Johannes 3:7. Geregtigheid word omskryf deur die standaard van God se heilige wet, soos utigedruk in die tien voorskrifte wat op Sinai gegee is.

**(10) WATTER TWEE ELEMENTE BEHOORT GELYK TEENWOORDIG TE WEES IN ONS LEWE NADAT ONS ONS HART AAN DIE HERE GEGEE HET?**

______________________________________________________________________

*Jakobus 2:17*

**Verwante Tekse:** Jakobus 2:14, 19, 20, 2 6; 1 Thessalonicense 1:3, 1 Timotheüs 1:5;
2 Petrus 1:5-9; Galasiërs 5:6; 2 Thessalonicense 1:11; Efesiërs 2:8-10

Daardie sogenaamde geloof in Christus wat bely om mense van die verpligting van gehoorsaamheid aan God te bevry, is nie geloof nie, maar aanmatiging. "Deur genade word julle gered deur die geloof." Maar "geloof, sonder die werke is dood." Jesus het van Homself gesê voordat Hy na die aarde gekom het, "Ek het lus, o my God, om u welbehae te doen, en u wet is binne-in my ingewande." Psalm 40:9. En net voordat Hy weer na die hemel opgevaar het, het Hy verklaar, "Ek het die gebooie van my Vader bewaar en in sy liefde gebly." Johannes 15:10. Die Skrifte sê, "En hieraan weet ons dat ons Hom ken; as ons sy gebooie bewaar. Hy wat sê: Ek ken Hom – en sy gebooie nie bewaar nie – is 'n leuenaar en in Hom is die waarheid nie. Maar elkeen wat sy woord bewaar, in hom het die liefde van God waarlik volmaak geword. Hy wat sê dat hy in Hom bly, behoort self ook so te wandel soos Hy gewandel het." 1 Johannes 2:3-6.

**(11) VOLGENS WIE SE VOORBEELD BEHOORT ONS ONS GELOOF EN LEWE VAN DIENS TE LEEF?**

______________________________________________________________________
______________________________________________________________________

*1 Petrus 2:21*

**Verwante Tekse:** Mattheüs 10:38, 39; Psalm 5:13; Efesiëfs 5:1, 2; Filippense 2:4, 5;
1 Johannes 2:3-6; 3:16-18; Lukas 9:23-25; Hebreërs 12:1, 2

**(12) WATTER KARAKTERTREKKE BEHOORT ONS NA TE STREEF EN IS BELOWE DEUR CHRISTUS AAN DIEGENE WAT HONGER EN DORS DAARNA?**

______________________________________________________________________
______________________________________________________________________

*Mattheüs 5:6*

**Verwante Tekse:** Filippense 1:6; 3:9, 12-14; Spreuke 15:9; 1 Timotheüs 6:11; 2 Timotheüs 2:22

Die toestand van die ewige lewe is nou slegs wat dit altyd was - net wat dit was in die Paradys voor die val van ons eerste ouers, - volmaakte gehoorsaamheid aan die wet van God, volmaakte geregtigheid. Indien die ewige lewe gegee word op enige voorwaarde behalwe hierdie, dan sal die geluk van die hele heelal in gevaar gestel word. Die weg sou geopen word vir sonde, met sy hele spoor van wee en ellende, om onsterflik gemaak te word.

**(13) WATTER VOORREG BIED GOD VIR ELKEEN VAN ONS AAN?**

____________________________________________________________________________

____________________________________________________________________________

*2 Petrus 1:4*

**Verwante Tekse:** Esegiël; 36:25-27; 2 Korinthiërs 3:18; 6:17, 18; Efesiërs 4:23, 24; Hebreërs 8:10-12; 12:10; Johannes 1:12, 13; Kolossense 3:10

**(14) WATTER TWEELEDIGE GAWE WORD DEUR CHRISTUS SE BLOED VOORSIEN, WAT DEUR SY GENADE, VIR ONS GEREGTIGHEID GEE?**

____________________________________________________________________________

____________________________________________________________________________

*Efesiërs 1:7*

**Verwante Tekse:** Kolossense 1:14; 1 Korinthiërs 1:30; Romeine 3:24-26; Hebreërs 9:12-15; 10:16-19; 1 Petrus 1:18, 19; 1 Johannes 2:2; 4:10; Openbaring 5:9; Psalm 130:7

Dit was moontlik vir Adam, voor die val, om ‘n regverdige karakter te vorm deur gehoorsaamheid aan God se wet. Maar hy het gefaal om dit te doen, en as gevolg van sy sonde is ons natuur gevalle en ons kan nie onsself regverdig maak nie. Aangesien ons sondig, onheilig is, kan ons nie die heilige wet volmaak gehoorsaam nie. Ons het geen regverdigheid van ons eie waarmee ons die vereistes van die wet kan vervul nie, maar Christus het ‘n manier van ontsnapping vir ons gemaak. Hy het op die aarde geleef te midde van moeilikhede en versoekings soos wat ons moet ervaar. Hy het ‘n sondelose lewe gely. Hy het vir ons gesterf, en nou bied Hy aan om ons sondes te neem en ons Sy geregtigheid te gee. Indien u uself aan Hom gee, en Hom as u Verlosser aanvaar, dan, sondig soos u lewe mag gewees het, word u om Sy ontwil regverdig geag. Christus se karakter staan in plek van u karakter, en u word voor God aanvaar net soos asof u nie gesondig het nie.

**(15) NA ONS WEDERGEBOORTE ONDERVINDING IN CHRISTUS, HOE HOU ONS AAN OM IN HOM TE BLY EN TE GROEI?**

____________________________________________________________________________

____________________________________________________________________________

*Galasiërs 2:20*

**Verwante Tekse:** Romeine 1:17; 5:2; 1 Petrus 1:5-9; 2 Korinthiërs 1:24; 5:7; Hebreërs 12:2; 11:6

Christus verander die hart. Hy woon in u hart deur geloof. U moet hierdie konneksie met Christus behou deur geloof en die voortgesette oorgawe van u wil aan Hom; en so lank as wat u dit doen, sal Hy in u werk om te wil en te doen volgens Sy goeie guns. Daarom kan u sê, “Die lewe wat ek nou lewe in die vlees leef ek deur die geloof in die Seun van God, wat my liefgehad en Homself vir my gegee het.” Jesus het dus vir Sy dissipels gesê, “Dit is nie julle wat spreek nie, maar die Gees van julle Vader wat in julle spreek.” Mattheüs 10:20. Dan

met Christus wat in u werk, sal u dieselfde gees openbaar en dieselfde goeie werke van geregtigheid, gehoorsaamheid doen.

Ons het dus niks in onsself waaroor ons kan roem nie. Ons het geen grond vir selfverhoging nie. Ons enigste grond van hoop is die geregtigheid van Christus wat aan ons toegereken is, en in dit wat deur Sy Gees wat in en deur ons werk, gedoen word.

**(16) WATTER STELLING IN DIE TEKS OPENBAAR DAT GELOOF VERSKILLEND IS AS OM TE GLO?**

______________________________________________________________________________

______________________________________________________________________________

*Jakobus 2:19*

**Verwante Tekse:** Jakobus 2:20; Mattheüs 8:29; Lukas 4:34; Handelinge 19:15; 1 Petrus 1:5

Wanneer ons van geloof praat, is daar 'n onderskeiding wat in die verstand gemaak moet word. Daar is 'n soort van om te glo wat geheel-en-al anders is as geloof. Die bestaan en krag van God, die waarheid van Sy woord, is feite wat selfs Satan en sy engeleskare nie in hulle hart kan ontken nie, maar dit is nie geloof nie. Waar daar nie slegs in God se woord geglo word nie, maar 'n onderwerping is van die wil aan Hom, waar die hart aan Hom oorgegee is, die hartstogte op Hom gerig is, daar is geloof – geloof wat werk deur liefde en die siel reinig. Deur hierdie geloof word die hart hernu na die beeld van God. En die hart wat in sy onhernude staat nie onderworpe is aan die wet van God nie, en ook inderwaarheid nie kan wees nie, verheug hom nou in sy heilige beginsels, en roep saam met die psalmis uit, "O hoe lief het Ek u wet!..." Psalm 119:97. En die geregtigheid van die wet word in ons vervul, "wat nie volgens die vlees wandel nie, maar volgens die Gees." Romeine 8:1.

**(17) HOE LANK SAL CHRISTUS AANHOU OM ONS KARAKTER GEDULDIG TE VERFYN?**

______________________________________________________________________________

______________________________________________________________________________

*Filippense 1:6*

**Verwante Tekse:** Hebreërs 12:2; 13:20, 21; Filippense 2:13; Psalm 138:8;
1 Thessalonicense 5:23, 24; 1 Petrus 5:10; 1 Korinthiërs 1:8, 9; 2 Korinthiërs 9:8

Daar is diegene wat die vergewende liefde van Christus geken het en wat regtig verlang om kinders van God te wees, maar tog besef hulle dat hulle karakter onvolmaak is, hulle lewe verkeerd, en hulle is gereed om te twyfel of hulle harte deur die Heilige Gees hernuwe is. Aan sulkes wil ek sê, Moenie terugtrek in wanhoop nie. Ons sal dikwels moet neerkniel en ween by die voet van Jesus as gevolg van ons tekortkominge en foute, maar ons moenie mismoedig word nie. Selfs indien ons deur die vyand oorval word, is ons nie weggewerp, verlaat en afgekeur deur God nie.

**(18) INDIEN ONS IN SONDE VAL GEDURENDE HIERDIE LEWENSLANGE KARAKTERBOUPROSES, OP WATTER WONDERLIKE BELOFTE KAN ONS AANSPRAAK MAAK?**

______________________________________________________________________________

______________________________________________________________________________

*1 Johannes 2:1*

**Verwante Tekse:** Romeine 8:34; 1 Timotheüs 2:5; Hebreërs 7:24, 25; 9:24

Christus is aan die regterhand van God, wie ook vir ons intree. En moenie die woorde van Christus vergeet nie, "Die Vader Self het julle lief." Johannes 16:27. Hy verlang om u tot Homself te herstel, om Sy eie reinheid en heiligheid in u weerkaats te sien. En indien u uself net aan Hom sal oorgee, sal Hy wat 'n goeie werk in u begin het, dit voltooi tot die dag van Jesus Christus. Bid meer vurig, glo meer ten volle. Soos wat ons begin om ons eie krag nie te vertrou nie, laat ons die krag van ons Verlosser vertrou en ons sal Hom loof wie die welstand van ons gewete is.

**(19) NADAT ONS WEDERGEBORE IS EN IN DIE GROEIPROSES IS, WAT SAL ONS BESEF?**

______________________________________________________________________________

______________________________________________________________________________

*Jesaja 64:6*

**Verwante Tekse:** Jesaja 53:6; Prediker 7:20; Job 15:16; Efesiërs 2:1-3; Psalm 51:5; 130:3; Romeine 7:18, 24; 3:23; 1 Johannes 1:8; Johannes 15:5

Hoe nader u aan Jesus kom, hoe sondiger sal u in u eie oë voorkom; want ons visie sal helder wees, en u onvolmaakthede sal in breë en definitiewe kontras gesien word met Sy volmaakte natuur. Hierdie is bewys dat Satan se verleidings hulle krag verloor het, dat die lewendmakende invloed van die Gees van God besig is om u op te wek.

Geen diepgesetelde liefde vir Jesus kan in die hart woon wat nie sy eie sondigheid besef nie. Die siel wat deur die genade van God verander is, sal Sy goddelike karakter bewonder; maar indien ons nie ons eie morele misvorming raaksien nie, is dit onmiskenbare bewys dat ons nie 'n blik gehad het van die prag en uitnemendheid van Christus nie.

Hoe minder ons sien om in onsself uit te blink, hoe meer sal ons sien om uit te blink in die oneindige reinheid en lieflikheid van ons Verlosser. 'n Blik van ons sondigheid dryf ons na Hom wat kan vergewe, en wanneer die siel sy hulpeloosheid besef, na Christus uitreik, sal Hy Homself in krag openbaar. Hoe meer ons ons behoefte besef om na Hom aangetrek te word en tot die Woord van God, hoe meer verhoogde sienings sal ons hê van Sy karakter, en hoe meer ten volle sal ons Sy beeld weerkaats.

*Ek kies deur Sy genade om in Christus se voetstappe te wandel en Hom, my Meester te volg. My gebed is dat die vrugte van Sy Gees in my gesien sal word sodat ek Sy geregtigheid en heilige karakter kan weerkaats.*

**Omsirkel asseblief: Ja Besluiteloos**

Maak asseblief fotostate of laai dit af van ons webtuiste en deel met andere!

Hierdie reeks mag nie verander of verkoop word sonder die geskrewe toestemming van die Uitgewer nie en hierdie kopiereg kennisgewing moet op elke opvolgende afskrif bly.

Bible study format (C) Merlin Beerman – www.RevelationPublications.com

Inhoud Aangepas uit ***Skrede na Christus*** deur E.G. White. Enige uitlatings uit die oorspronklike inhoud was gedoen om oortollilgheid met die antwoorde te voorkom.
Illustrations (C) Goodsalt – www.goodsalt.com

**Gedruk in die V.S.A. deur Light Bearers Ministry – www.lbm.org**